BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

Nuusbrief 1/2023

13 Januarie 2023

In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Mobile toep opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die nuutste opgradering?**
- **Opleidingskursusse**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**
- **Het jy Geweet?**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

Nuwe Opgradering – BenguFarm BEEF, SHEEP & GOATS, GAME en PIGS

Daar is die afgelope agt maande talle nuwe funksies en verslae ontwikkel. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v13 Januarie 2023) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Om jou BenguFarm te opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm**, gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na **Lêer > Opgradeer vanaf Web** en volg die instruksies.
- Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), kontak jou BenguFarm agent vir hulp om die nuwe weergawe te installeer.

Nuwe Opgradering – BenguFarm MOBILE toep

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v19 Desember 2022) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies kan gebruik.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.
- **BenguFarm MOBILE vir Android**: Regs bo-aan die BenguFarm Mobile se hoof kieslys, druk op die drie kolletjies en kies Kyk vir Opgradering / Check for Update **OF** gaan op die Android foon / tablet na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates. Laai af en installeer die v19 Desember 2022 weergawe van BenguFarm MOBILE vir Android.

- **BenguFarm MOBILE vir Apple**: 'n Apple selfoon of tablet sal outomaties die nuutste opgradering aflaai en installeer.

Wat is nuut in die nuutste opgradering?

All modules:

- Belangrik: 'n nuwe funksie "Sinchronisasie via die "Cloud" is ontwikkel weermee 'n kliënt data op verskillende rekenaars kan sinchroniseer via die "Cloud". Daar is geen addisionele kostes hiervoor nie. Hierdie nuwe funksie is nog onder beta toetsing, maar kliënte wat intussen hierdie funksie wil gebruik kan hul BenguFarm agent kontak en versoek dat dit geaktiveer word.
- Belangrik: Inteel berekening vir Beplande Parings: 'n Nuwe opsie "Bereken Inteling vir vroulike Diere gebore uit meerbul parings vir Moontlike Vaders" is bygevoeg. Skakel hierdie opsie aan indien om die inteling wil bereken vir die gekose vroulike diere wat gebore is uit 'n meerbul paring, m.a.w. waar die vader ?MULTISIRE" is en die betrokke bulle gespesifiseer is. Indien hierdie opsie gemerk is, sal die inteling bereken word asof elk van die meerbulle die vader van die vroulike dier is en die hoogste inteling vir al die gegewe bulle vertoon word. Let wel dat waar 'n dier sonder 'n vader, maar gebore uit 'n meerbul paring, enige ander plek in die stamboom voorkom, die berekening gedoen sal word asof daardie vader onbekend is.
- Belangrik: Op die Kalwing / Lamming skerm is 'n veld "Notas" bygevoeg waar *algemene notas* aangeteken kan word vir die betrokke kalf / lam. Notas wat hier aangeteken is, kan opgekyk word op die hoofskerm > Dier Uitleg > Notas en op die Voeg By en Verander diere (enkel dier uitleg) skerm > Diverse data > Notas. Notas kan ingesluit word by die My verslae > Dieredata. Klik op Verslagkolomme (uitleg) en kies dan Algemeen > Notas.
- Belangrik: Verslae > Dekkings en Dragtighede: Opsies bygevoeg om dekking asook dier se huidige dragtigheidstatus te kan kies. Wanneer die dekstatus opsies gekies word, word die dier se dragtigheidstatus outomaties gekies, maar die gebruiker kan 'n ander kombinasie spesifiseer. Die werksblad het ook die "Sukses" en "Moontlik" kolomme by die dekking by. Dit behoort die verslag meer verstaanbaar te maak en gee ook gebruikers meer beheer oor wat hulle graag wil vertoon.
- Belangrik: My Verslae > Dierdata > Kriteria > Genomiese toetse (bv. diere wat positief getoets is vir 'n sekere Myostatien geen) kan nou gebruik word om diere te filter vir die verslag.
- Belangrik: Lêer > Ondersteuning > Verander ID Nommers en/of -Name: 'n Opsie "Verander vir Seleksie van Diere" is bygevoeg om ID nommers en/of -name se formaat van slegs 'n *gekose groep* diere (bv. slegs aktiewe diere of slegs 'n sekere kalf/lamseisoen) te verander. Dit kan byvoorbeeld gebruik word waar lammings sonder 'n KKM op die EID leser aangeteken is en die gebruiker nagelaat het om die KKM te spesifiseer tydens intrek, die nommerformaat reg te stel.
- Belangrik: Ander Data > Fotos en Dokumente > 'n Opsie "Voeg Dokument vir Groep Diere by" in bygevoeg om 'n dokument aan *verskeie* diere te koppel sonder om die diere een-vir-een te moet kies
- Om mates en punte wat op die hoofskerm se Kudde Uitleg opgestel is by Stel My Kolomme Op om te Vertoon op My Verslae: Dierdata in te sluit, gaan na Verslag Kolomme (Uitleg) > My Kolomme aan die onderkant van die lys. Let wel: Gestoorde My Verslae uitlegte wat My Kolomme bevat, sal, weens tegniese redes, nie met data gevul word nie.
- My Verslae > Verslag Kolomme> Laaste Dekking (Na Laaste Kalf/Lamdatum): Die veld Opmerkings wat tydens *dragtigheidsondersoek* aangeteken is, is bygevoeg.
- Opstellings > Kuddes > Ander: Die volgende opstellings is bygevoeg:
    - Outo Waarsku indien opgedateerde BenguFarm CLOUD Data Beskikbaar is.
    - Slaan Skandering van COM Poorte oor wanneer aan EID Leser Konnekteer.
- Data Stuur / Trek In > Trek In: 'n nuwe funksie "Stuur elektroniese EID Leser Lêers" is bygevoeg om 'n lêer met visuele ID nommer (VID) en die elektroniese nommer (EID) kombinasies te skep om na Tru-Test SRS2 en Tru-Test XRS2 EID lesers te stuur.
- Aankope skerm: Die volgorde van die kolomme is verander vir 'n meer logiese uitleg
- Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm: 'n Kolom met die dier se ouderdom is bygevoeg. Dit is handig om byvoorbeeld karkas klassifikasie te kontroleer.

- Nuwe filters opgestel in My Dierdata Verslae vertoon nou onmiddelik op die hoofskerm se groepe filter lys.
- Op verslae met die opsie Vertoon Werksblad:
    - Die aantal diere op die werksblad en die aantal gekies word nou links onder vertoon
    - 'n Vertoon Verslag knoppie is bygevoeg om die verslag direk vanaf die werksblad te skep sonder om terug te gaan na die vorige skerm.
- Opstellings > Groepe en Kampe > Groep / Kamp > 'n Kolom "Kalf/Lam" is bygevoeg. Indien gemerk sal nuwe kalwers/lammers wat op die Kalwing/Lamming skerm aangeteken word (op die PC program, Mobile app en EID leser), outomaties aan hierdie groep gekoppel word
- 'n Nuwe aantekenskerm "Onbekende Kalwings/Lammings is bygevoeg onder Reproduksie. Hierdie skerm kan gebruik word om kalf/lamrekords te skep waar geen kalf/lamdata beskikbaar is nie, byvoorbeeld waar dit onmoontlik/onprakties is om kalwings/lammings aan te teken, maar rekord gehou wil word van diere wat waarskynlik wel gekalf/lam het, op grond daarvan dat hulle positief getoets was vir dragtigheid. Kalwers/lammers sal geskep word slegs vir koeie en verse/ooie wat getoets is vir dragtigheid en wat dragtig is.
- Bestaande Dekkings verslag: Onderaan die verslag is 'n opsomming bygevoeg waar die totale aantal vroulike diere en aantal dekkings vir per bul/ram vertoon word.
- Lêer > Opgradeer vanaf Web: Hierdie funksie is aangepas om, waar van toepassing, ook die Genetics module se opgradering te installer.
- Kamp Aktiwiteite verslag: 'n Kolom "Voorraad Item" is bygevoeg sodat gesien kan word watter betrokke voorraad item, indien van toepassing, gebruik is
- Data Stuur / Trek In > Trek In > Databasis > Oop Lêerformaat (CSV): 'n Waarskuwingsboodskap is bo-aan die skerm bygevoeg dat hierdie skerm NIE gebruik moet word om byvoorbeel Logix lêers [BEEFDATA_... (Beeste) of SKP_ONT2_... (Sheep & Goats) in te trek nie, maar die spesifieke skerm [Logix Hoofdata Lêer] te gebruik.
- Koppel Diere aan Groep funksie bygevoeg op Verkope, Vrektes en Uitskotte, Dagboek en Bestuurkalender en Soek Duplikaat Diere skerms. Op die Dagboek en Bestuurkalender skerm sal dit net vertoon word wanneer diere gelys word op die skerm.
- Lêer > Verander Aktiewe Kudde na: Die lys van kuddes vertoon nou tot 8 kuddes sonder die nodigheid om op Lys alle en Selekteer te kliek.
- Verslae > Dekkings, Dragtighede en Kalwings / Lammings > Bestaande Dekkings:
    - Die kolom waarin die Status vertoon het, vertoon nou die die Kamp.
    - – Onderaan die verslag word die totale aantal dekkings per bul/ram opgesom.
- Om mates en puntings wat opgestel is op die hoofskerm se Kudde Uitleg by Stel My Kolomme Op om te Vertoon te vertoon op My verslae: Dieredata in te sluit, gaan na Verslag Kolomme (Uitleg) > My Kolomme onderaan die lys. **Let wel:** Gestoorde my verslae-uitlegte wat My kolomme bevat, sal weens tegniese redes nie met data gevul word nie.
- Opstellings > Prosedures: Plant Groeistimulant In bygevoeg by verstek lys
- Siekte Toetse verslag: Titer telling bygevoeg
- Verskeie kosmetiese veranderinge.

Beef en Sheep & Goats modules:

- Belangrik: Toevoegings > Voerkraal Bestuurder:
    - Rente op kapitaal (bereken op dier se aankoopprys), bestuurskoste, (bv. arbeiskoste) en prosesseringskoste (bv. oorplaatjie, inentings, groestimulant inplanting) kan nou ook aangeteken word. Die totaal van hierdie drie items vertoon in die Kraal kolom.
    - Aankope: Koste per Dier (bv. vervoerkoste nie ingesluit by aankoopprys) kan nou aangeteken word.
    - Verkope en Vrektes skerm:
        - Karkas Klassifikasie (bv. A2 / A3) kan nou aanteken word.
        - Inkomste Basis: Opsie "Per Dier" is bygevoeg.

- Belangrik: Hoofskerm > Kudde Uitleg:
    - Indien by Vertoon Opsies > Aktiveer Verligting en Rangwaarde aangeskakel is, sal in die BEEF module in die Reproduksie afdeling die OEK (Ouderdom Eerste Kalwing) veld van verse wat ouer as 36 maande is en nog nie 'n kalf op rekord het nie, outomaties in rooi verlig ("highlight") wees. In die SHEEP & GOATS module sal die OEL (Ouderdom Eerste Lamming) veld van ooie wat ouer as 18 maande is en wat nog nie 'n lam op rekord het nie, outomaties in rooi verlig ("highlight") wees.
    - Indien by Vertoon Opsies > Aktiveer Verligting en Rangwaarde aangeskakel is, sal die ID Nr op 'n groen agtergrond vertoon word. Die vader op 'n blou agtergrond en die moeder op 'n pienk agtergrond.
    - Vertoon Opsies > Kolom > Geboorte: Horing/Poenskop nou beskikbaar (by verstek afgeskakel).
- RTU mates (Ribvetdikte, Kruisvetdikte, Marmering en Oogspieroppervlakte) kan op die Gewigte, Mates en Punte skerm nou met *twee* desimale ingelees word. Hierdie RTU mates kan ook nou deur middel van die csv formaat intrek funksie ingetrek word in BenguFarm.
- Indien geboortes aanteken word in 'n kommersiële kudde, is die verstek afdeling van die kalf nou Comm ipv NFR.
- Opstellings > Kuddes > ID Metodes en Nommering: Die opsie "Outo Verwyder EID wanneer Dier Verkoop of Dood is": Hierdie opsie moet slegs verander word na "Nee" indien EIDs NIE verwyder moet word van diere wat verkoop of dood is nie, bv. vir naspeurbaarheid doeleindes. Dit kan nie deur die gebruiker verander word nie. Kontak jou BenguFarm agent om hiermee te help.
- Gewigte, Mates en Punte nie aan 'n Toets Gekoppel nie: Tande Toestand is bygevoeg tot die verstek lys van eienskappe.
- Met aantekening van aborsies na 7 mde kontroleer BenguFarm nou dat die DSLK minstens 210 dae ipv 269 dae is in die Beef module en DSLL 120 dae ipv 150 dae is in die Sheep & Goats module

Beef module:

- Hoofskerm > Dier Uitleg:
    - Teelwaardes tabel: Logix-ingetrekte Inteel % vertoon onderaan die skerm.
    - Genomiese Resultate: Die verwysingsnommer vertoon nou op die skerm.
- Data Stuur / Trek In > Stamboek/LNR > Geboortekennisgewings. BenguFarm sal verhoed dat geboortes gestuur word indien:
    - Kalwers van koeie wat as kommersieel gemerk is.
    - Kalwers van koeie wat afgekeur is by inspeksie.
- Logix Direk > Trek Ontbrekende Diere In skerm: Die aantal diere gelys op skerm word nou onderaan skerm vertoon.
- Op die Kalwing skerm is 'n veld "Groep" bygevoeg waar die kalf aan 'n groep gekoppel kan word, bv. aan die bestuursgroep waarin die moeder is
- Kuddes waar BreedPlan die diensverskaffer is vir teelwaardes:
    - Die *karkas* waardes vir EMA, Rib fat, Rump fat, RBY en IMF vertoon nou op die hoofskerm.
    - Sekere teelwaardes se benamings is verander en, waar nodig, vertaal in Afrikaans.
    - Die Waarnemer Kode is in die lêer bygevoeg met RTU-mates wat aan die betrokke telersgenootskap gestuur word.
    -
- Data Intrek > Oop Lêerformaat (CSV): Kondisie- en Temperament punte kan nou ingetrek word

Sheep & Goats module:

- Belangrik: Die Meatmaster ras se afdelings is verander van F1, F2, ens. na A, B, ens. **LET WEL:** Meatmaster stoettelers moet al hul diere se data weer vanaf Logix aflaai en intrek om die bestaande diere se afdelings te verander in BenguFarm.
- Belangrik: Toevoegings > Voerkraal Bestuurder: Inkomste van wol geskeer per skaap voor verkoop per dier te kan aanteken word en dit word in berekening bring vir totale inkomste per dier.

- Belangrik: Hoofskerm > Dier Uitleg > Teelwaardes: Die Teelwaarde Indekse in word nou in 'n aparte "Indeks" kolom vertoon (soos in die Beef module).
- Belangrik: Gewigte vir Prestasietoetsing skerm: 'n "Bereken en Stoor" knoppie is bygevoeg (soos in die Beef module). Die "Stoor" knoppie sal dus nou net die data stoor, m.a.w. nie die indeksberekenings doen nie.
- Sekere teelwaardes se benamings is verander om in ooreenstemming te wees met die Logix name.
- Liggaamsgewigte ingetrek saam met woldata vanaf Logix, vertoon nou op die hoofskerm > Dier Uitleg > Gewigte opkykskerm.
- Data Intrek > Oop Lêerformaat (CSV): Famacha punte kan nou ingetrek word

Game module:

- Geen GAME-spesfieke ontwikkeling is gedoen nie.

Mobile toepassing ("app"):

- Belangrik: Verskuif Diere na Ander Kudde aantekenskerm bygevoeg.
- Koeigewig by kalwing kan nou aangeteken word op die Kalwing skerm, en opgekyk word op die Algemene opkykskerm.
- Vertoon Dier > Meer: 'n Skerm om Prosedures op te kyk is bygevoeg.
- Onaktiewe diere gebore in die afgelope twee jaar word ook nou gesync na die Mobile toep.
- Verskeie kosmetiese veranderinge.

Genetics module:

- Geen GENETICS-spesiieke ontwikkeling is gedoen nie.

Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir dag-tot-dag bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon of te laat bywoon deur jou personeel:

BEEF en SHEEP & GOATS modules gekombineerde kursusse:

- Inleidende kursus 24-25 Januarie 2023, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 26-27 Januarie 2023, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 21-22 Februarie 2023, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 23-24 Februarie 2023, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans
- Inleidende kursus 22-23 March 2023, Pretoria. Aanbieding in Engels.
- Inleidende kursus 18-19 April 2023, Howick. Aanbieding in Engels.
- Gevorderde kursus 20-21 April 2023, Howick. Aanbieding in Engels.

GAME module:

- Kontak asseblief vir Leslie Bergh by 082 801 2026 indien jy belang stel om 'n opleidingskursus by te woon.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur 'n epos na bengufarm@gmail.com en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

Indien jy belang stel in aanlyn opleiding of individuele opleiding of 'n kursus in 'n ander streek, kontak ons sodat ons kan bespreek watter opleidingsopsie die beste is vir jul behoeftes.

Kurusdatums vir ander streke sal later gefinaliseer word.

Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS en GAME modules asook die MOBILE toep is opgedateer om al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae in te sluit. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding OF gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

Het jy geweet?

Koppel diere aan 'n Groep

Diere kan gekoppel of na kampe of groepe geskuif word op die Kudde Uitleg van die hoofskerm, al die data-aantekening skerms en op verslagskerms vensters waar die Vertoon Werkblad-opsie beskikbaar is. Dit is so eenvoudig soos om die toepaslike dier(e) te kies, onderaan die skerm op Koppel Diere aan Groep te klik, die toepaslike groep of kamp te kies en te Stoor.

Let wel: Indien diere na of van 'n groep geskuif word terwyl daardie groep met die groepfilter gekies is, sal die diere in die betrokke groep eers opgedateer vertoon word nadat die groepfilter afgeskakel is (Geen Groep Filter) en die betrokke groep weer gefilter word.

Verlig ("highlight") data op die hoofskerm:

Data op die hoofskerm se Kudde Uitleg kan verlig "highlight" word, bv. Koeie/ooie met 'n gemiddelde tussenkalf/lamperiode van meer as 400 dae of dae sedert laaste kalwing/lamming meer as 400 dae. Om verligting asook rangwaardes op te stel vir die gekose kriteria, gaan op die hoofskerm se Kudde Uitleg na Vertoon Opsies en kliek op die Stel Kuddeuitleg Verligtingen Rangwaardes Op (ikoon met klein blokkies met verskillende kleure). Gebruik die Hulp funksie indien nodig. **Let wel:** Indien Aktiveer Verligting en Rangwaardes gemerk is, word die veld OEK (Ouderdom Eerste Kalwing) van vroulike diere wat ouer as 36 maande is en nog nie 'n kalf op rekord het nie / OEL (Ouderdom Eerste Lamming) van vroulike diere wat ouer as 18 maande is en nog nie 'n lam op rekord het nie, outomaties rooi verlig. Die kolomme IDNr, Vader en Moeder word ook outomaties onderskeidelik groen, blou en pienk verlig. Onder die afdeling Dragtigheid sal die Verwagte Kalf/Lamdatum outomaties rooi verlig word indien dit reeds meer as twee weke verby is.

oooOOOooo